Ons moet praat
10 Maart 2024
Ds. PC Pretorius

pc.pretorius@moreleta.co.za

Inleiding

Ons moet hieroor praat… Een van die belangrikste aspekte van die Christelike lewenswyse, is die rol en doel waarmee God ons geskep het. God het ons as man en vrou gespek om sy skeppingswerk te eer en voort te sit op aarde. Die adres van sy liefde word deponeer in die skep van mense om vir Sy eer te leef. Een van die primêre maniere hoe ons dit regkry is om ons kern rol as man en vrou in God se familie te verstaan. A.g.v. stereotipering, wil die kultuur van ons dag vir ons sê hoe 'n man en vrou veronderstel is om leef in die alledaagse.
Baie mense hou nie eers van die woorde "rolle" nie - vir hulle is dit die R woord wat nooit in verligte kringe mag gebruik word nie. Hulle verkies om die ideale huwelik te sien as 'n 50/50 verhouding.
Die ironie is dat elke huwelik (of verhouding) gevestig raak in een of ander tipe van sosiale en organisatoriese opset waarin beide die man en vrou spesifieke rolle speel om dit in stand te hou.
Kom ons praat hieroor uit die Woord…

Gesels saam

Uit wat die Skrif sê, gesels oor die volgende vrae:

1. Wat is volgens julle die kern rol van 'n man in die samelewing?
2. Wat is die kern reaksie van 'n vrou op daardie rol?
3. Wat is die kern rol van 'n vrou in die samelewing?
4. Wat is die kern reaksie van 'n man op daardie rol?

Lees saam

Lees:
Efesiërs 5:21-33
1 Petrus 3:1-12

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Praat in die kring oor wat jy hierdie week gaan doen om uit "eerbied vir Christus meer onderdanig" te wees aan jou huweliksmaat/verhoudings maat?
Stel vir elkeen 'n uitdaging om hierdie week iets spesiaal vir ons huweliksmaat te doen. Dit kan 'n gesprek wees oor julle liefde vir mekaar, of wat julle van mekaar waardeer. Dit kan ook 'n geskenkie, blomme of 'n spesiale aand wees saam.
Enkellopendes:
Mans in hulle leefwêreld: 'n Vertoon van Christelike karakter - 'n Christelike man moet die vrug van die Gees wat in Galasiërs 5:22-23 genoem word, wat liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, geloof, sagmoedigheid en selfbeheersing insluit, vertoon in elke area van die lewe. Die man moet as 'n ambassadeur vir Christus in die wêreld optree. Hoe gaan jy dit hierdie week prakties doen? (Wees baie spesifiek).
Vroue in hulle leefwêreld: Dienaar in die kerk en gemeenskap: Sy moet haar gawes en talente gebruik om ander te dien en by te dra tot die liggaam van Christus en die breër gemeenskap (Romeine 12:6-8). Jy kan optree as 'n voorstander vir geregtigheid, vrede, en liefdadigheid in haar gemeenskap (Spreuke 31:8-9; Jakobus 1:27). Hoe gaan jy dit hierdie week prakties doen? (Wees baie spesifiek).

Bid saam

- Bid vir mans en vroue in hulle kern rolle soos God dit beplan het in die samelewing.
- Bid vir ons huwelike in die gemeente en wyer
- Bid vir ons ouerskap en gesinne se verhoudings en dat hulle dissipelmakers in God se koninkryk sal wees.
- Bid vir ons kinders, sodat hulle in die uitdagings van die lewe sal floreer as kinders van God
- Bid vir ons gemeente se Heiligheid (andersheid) in die wêreld as manne en vroue van God.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035